Vleisskaap

NASIONALE JEUGSKOU

SKAAP KENNISHANDLEIDING

2006



INDEKS

1. INLEIDING	3
2. ALGEMENE INLIGTING	3
Teling	3
Voeding	3
Kudde Gesondheid	4
Interne en Eksterne Parasiete	4
Siekte Voorkoming	4
Produkte	4
Wol	5
Vleiseienskappe	5
3. VOORBEREIDING VIR SKOUE	**7**
Hoewe	7
Was	7
Knip van wolvag	7
4. SKOUMANSKAP WOL- VLEISSKAPE	**8**

1 INLEIDING

Met die beoordeling van die skaapskouman tydens jeugskoue word die kind (vertoner) beoordeel en nie die skaap nie terwyl die dier in die individuele klasse beoordeel word. Skaap word sonder 'n halter geskou en enige ouderdom dier kan geskou word. Aangesien die voorbereiding en beoordeling van wolskaap en vleisskaap verskil, word wolskaap en dubbeldoelskaap saam beoordeel en vleisskaap apart. Met die aanwys van die skaapskouman word slegs een wenner uit beide afdelings aangewys.

2 ALGEMENE INLIGTING

TELING:
Die meeste skaaprasse in Suid Afrika is nie seisoenale telers nie. Die beste ressultate word egter met herfs parings verkry. Die keuse van paarseisoene word deur die beskikbaarheid van voeding met paring, lamtyd en speentyd bepaal. Die dragtigheidstyd van skaap is 5 maande (21 weke)

Dit is belangrik dat die pas gebore lam, binne twee uur, na geboorte, biesmelk inkry om sy umuniteit teen siektes op te bou. Indien dit nie gebeur nie word hy gou swak en vrek.

Vrugbaarheid is die mees belangrike ekonomiese eienskap by skape. 'n Hoë vrugbaarheid sal hoër lamen speen persentasies verseker indien jou bestuur goed is.Tesame hiermee is dit belangrik dat die ooi goeie moedereienskappe sal hê en genoeg melk produseer om haar lam en veral meerlinge, tot goeie speenouderdomme groot te maak.Die persentasie lammers gebore alleen kan nie die wins van skaapboerdery bepaal nie, maar eerder die persentasie lammers gespeen.

By vleisskaap veral is dit belangrik dat die lammers goeie groeitempos sal handhaaf wat beteken dat die lam gouer bemark kan word en gouer geld in jou sak beteken. Goeie moeder eienskappe en melkproduksie speel hier 'n belangrike rol.

VOEDING:
Voeding van skaap is baie belangrik waar dit 'n bepalende faktor is van onder andere die groei, lam, en speen persentasies. So is goeie voeding ook belangrik met die voorbereiding van jou skaap vir skoue, maar daar moet gewaak word teen diere oorvet te maak. Nie net diskrimineer beoordelaars daarteen nie, maar benadeel dit die dier se teelvermoë daarna.

Skaap het veral proteine (energie gewend) nodig in hul dieet vir goeie produksie. Vir die beste reproduksie moet ooie en ramme in 'n opkomende kondisie wees met paartyd. Dit word verkry deur prikkelvoeding te gee 2 tot drie weke voor paring (verhoog die ovulasie tempo) en kan dit spaarkampe, lekke, mielies of voerkorrels wees. Daar moet gewaak word teen oorvreet van mielies wat suurpens veroorsaak.

By wolskaap speel voeding 'n kritiese rol sover dit die wol aanbetref. Drastiese verbetering of verswakking van voeding veroorsaak 'n breek in die wol wat wolpryse nadelig beinvloed. Hoër voeding produseer 'n groter massa wol, maar ook 'n sterker wol terwyl swakker voeding 'n verlaging van die wolmassa asook verlaging van vesel-deursnee veroorsaak (fyner wol)

KUDDE GESONDHEID:
Die hoewe van skaap groei, veral in sagte weidings omstandighede, soos op lande, gou lank uit en moet gereeld kort gesny word. (Elke twee maande) Indien dit nie gedoen word nie ontstaan ontsmettings in die hoewe en kry die skaap vrotpootjie of sweerklou.

Wolskaap is geneig om deur brommeraanvalle geteister te word en moet die skaap gereeld dop gehou word om besmette diere so gou moontlik te identifiseer en te behandel.

Ooie moet gereeld ondersoek word voor die volgende paring om die met defekte uiers uit te skakel. Probleme wat hier voorkom is blou uier en bottelspene.

Die lam se stert word op drie dae na geboorte gesny en die wond met geneesolie behandel om infeksie te voorkom. Lammers word op gewigte van tussen 18 en 20 kg gespeen en ontwurm.

Op 12 tot 14 maande wissel skaap en kry hul twee volwasse tande waarna hul as volwasse skaap beskou word.

INWENDIGE PARASIETE:
Inwendige parasiete, veral ronde wurms, is 'n probleem by skaap en moet die dier gereeld daarteen gedoseer word. Oordosering kan veroorsaak dat parasiete 'n weerstand teen doseermiddels opbou en daar word aanbeveel dat dosering na die neem van mismonsters en die tel van eiers in die monsters gedoen word as dit nodig blyk te wees. 'n Ander suksesvolle manier is om die slymvleise van die skaap bv. sy oë dop te hou. Omdat rondewurms bloeduiers is, is bleek slymvliese is 'n aanduiding van bloedarmoede en dosering kan dan geskied.

EKSTERNE PARASIETE:
Skaap moet gedip word waar bosluise voorkom. Skaap word verder ook gedip wanneer skaapluis, rooi bokluis, jeukmyt en brandsiek voorkom of ter voorkoming daarvan. Wolskaap moet kort wol hê alvorens hul deur 'n dompeldip gaan. (om te voorkom dat die wol vuil gekleur word en andersins word te veel dipstof gebruik wat hoë kostes meebring)

SIEKTE VOORKOMING:
Skaap word as voorkomende maatreels teen sekere siektes ingeent soos bloednier bloutong en pasteurella. Bloednier en pasteurella word vroeg in die lente as die gras begin groen raak ge-ent en weer in die herfs as dit begin droog raak. Lammers word op 2-3 nde ouderdom ge-ent.

PRODUKTE:
By wolskaap word 'n inkomste verkry uit die verkoop van die wol, die vleis en die vel. By die vleisskaap word inkomstes verkry deur die verkoop van vleis en velle.

WOL:
Die prys van wol word bepaal deur die:

- Fynheid (veseldikte) van die vesel wat bekend staan as die **mikron**
- Die skoonopbrengs van die wol
- Die lengte van die wol en
- Treksterkte van die wol.

Vesel deursnee word in 'n woltoets laboratorium gedoen Laer mikron wol bv. 18 mikron is fyner as hoër mikron wol bv. 19 mikron.

Kwaliteit van wol speel 'n belangrike rol waar die hand en oog metode gebruik word om die wol te waardeer, bv. op skoue heg die beoordelaars baie waarde aan hierdie eienskap. Kwaliteit is:

- Sagtheid van hantering van die wol
- Afwesigheid van enige vreemde vesels soos hare of swart en bruin vesels
- En die duidelikheid van die kartel.

Vertoners van wol en dubbeldoel skaap moet die wolvag op die dier korrek kan oop maak. Hiervoor word beide hande gebruik en met die vingers en binnekant van die handpalms word die wol oop geblaai. So kan die verskillende eienskappe van die wol gesien en gevoel word. Die vag word op drie plekke oop gemaak nl.

VLEISEIENSKAPPE: (ook dubbeldoel rasse)
Die grootte (liggaamsmassa) van 'n skaap word bepaal deur:

- Die lengte van sy lyf
- Diepte van lyf
- En breedte van lyf.

Omdat vleis per kilogram verkoop word speel liggaamsmassa 'n belangrike rol asook groeitempo van die skaap. Lamsvleis is sagter as skaapvleis en behaal dus beter pryse per kilogram. Die verbruiker wil nie vet vleis hê nie en dit is dus belangrik dat lammers bemark word voordat dit vir te veel vet afgegradeer word.

In die ring op skoue speel bespiering 'n groot rol. Boudsvleis en rug kottelette is die duur vleis en geniet spesiale aandag van die beoordelaars. Wanneer die skaap in lengte van lyf vertoon word beoordeel die beoordelaar die grootte van die skaap. Met die vertoning van die agterkant van die skaap kyk hy in besonder na die graad van bespiering aan die skaap se buiteboud en binneboud. 'n Breë bors is 'n goeie aanduiding van groot borskapasiteit wat gesonde longe kan huisves. Die dier se loopvermoë is belangrik waar dit dikwels in onherbergsame veldtoestande moet gedy. So moet die kootgewrigte ook sterk wees en moet die skaap nie deur trap nie. (sien ingeslote sketse)

STAND VAN BENE

AGTERBENE



VOORBENE



3 VOORBEREIDING VIR SKOUE

Selekteer jou skoudier geruime tyd voor die skou en ontwurm hom sodat genoegsame tyd gegun word om die dier mak te maak en 'n band tussen jou en die dier te smee.

Maak seker met jou seleksie dat die dier geen gebreke of siektes (bv.sweer) het nie waar sulke diere in 'n skouring uitgeskakel word.

Die hoofdoel van skou is om goeie reklame te bewerkstellig met meerderwaardige diere en om die standaard van jou diere teen die diere van ander telers te meet.

Hoewe moet 'n maand voor die skou reg geknip word. (moenie te diep sny en die senuwee raak sny nie. Dit sal die dier kruppel laat loop)

Was: Slegs vleisskaap mag gewas word. Onder geen omstandighede wol- en dubbeldoelskaap nie) Skeer die wol/hare kort af en was met 'n ligte seepmengsel, spoel behoorlik met water af, maak die skaap droog en borsel hom deeglik.

Knip van wolvag: Wol en dubbeldoelskaap moet minstens 4-6 maande wolgroei op hê. Knip die uitstaande punte wol op die skaap se kop kop en hele lyf netjies gelyk met 'n skaapskêr.Maak veral seker om die los en toutjieswol tussen die skaap se bene so netjies te knip.

Vleisskape

Was en voorbereiding

Benodigdhede in trammel

Skaapskêr
Klein skêr
Handdoek
Waslap
Sjampoo
Klein lappie
Roulynolie
Hoef- of snoeiskêr
Halter of nylontou
Borsel
Emmer

1. Was

(a) Maak die skaap redelik kort vas en tap die emmer vol water.
(b) Draai kraan oop totdat water net sterk genoeg is. Die water mag nie sterk spuit nie.
(c) Begin om die skaap goed nat te maak agter sy kop, netk oor sy rug tot by sy kruis. Maak dan die sye goed nat asook die pens en bene.
(d) Gooi dan die sjampoo vanaf sy agterkop tot by sy kruis. Onthou, sy gesig en ore mag nie natgemaak word of met sjampoo gewas word nie omdat dit 'n chemiese middel is wat die dier se neus of oë kan brand.
(e) Begin nou om die skaap te was deur die sjampoo met jou hande en vingers goed in te vryf oor sy rug en linkerkantse sy. Was dan aan die regterkant tot voor sy bors.
(f) Die pens word laaste gewas omdat alle vuilheid van bo-af afloop. Heel laaste word die bene gewas en die kloutjies met die borsel geskrop. Gebruik jou emmer met skuim.
(g) Spoel nou die skuim deeglik van die skaap se lyf af. Spuit teen die grein van die haar. Onthou geen skuim mag agterbly nie – veral onder die pens en bene.
(h) Gebruik nou jou borsel en borsel die hare van voor na agter.
(i) Droog af met die handdoek.
(j) Gebruik nou die waslap, net klam genoeg en vee die gesig af, om sy bek, neusgate en oorholtes. Gebruik die waslap om binne die ore uit te vee sonder om die waslagie te beskadig.

2. Voorbereiding

(a) Die skaap is nou goed afgedroog. Gebruik nou die klein skêr en knip die hare om sy bek asook om die ore se rand en binne-in die ore.
(b) Knip nou die hare om die kloutjies gelyk af.
(c) Kry die skaapskêr en knip alle hare of wol wat oor sy lyf uitstaan gelyk af.
(d) Knip meer op die skof en kruis sodat die skaap 'n reguit rug kan vertoon.
(e) Knip boudhare of boudwol gelyk af.
(f) Sny die kloutjies gelyk met die snoeiskêr.
(g) Smeer roulynolie aan die kloutjies met klein lappie.
(h) Borsel nou weer die skaap se hare gelyk van voor na agter.

3. Vertoonkuns - skouman

Die idée is om jou dier op sy mooiste te vertoon soos by 'n gewone skou. Al verskil is dat by die jeugskoue word die hanteerder beoordeel en nie die dier nie. Die diere word min of meer gehanteer soos deur die onderskeie Telersgenootskappe onderskryf word. Die volgende moet altyd onthou word wanneer jy die ring binnekom:

(a) Konsentreer – vergeet van almal buite die ring
(b) Behou oogkontak met die beoordelaar.
(c) Moet nooit tussen die dier en die beoordelaar beweg nie.
(d) Kyk na jou netheid en dié van die dier wat jy gaan hanteer. Hou jou klere netjies, jou waterskoene skoon en die dier mag nie strooi of mis aan sy lyf hê nie.

Vertoonkuns – skouman

(a) Kom nou die ring binne met jou regterhand agter die skaap se stert en linkerhand voor skaap se nek. Stoot met regterhand en stuur met linkerhand. Beweeg links om die ring, behou oogkontak en kry plek soos aangedui.
(b) Maak nou jou skaap reg – voorvoete gelyk – agtervoete gelyk.
(c) Kniel nou by jou skaap met regter agterste skoen se neus na agter, been gestrek, linkerbeen se knie gebuig +- 45 grade voor skaap se bors sodat dier se bors sigbaar is vir beoordelaar.
(d) Linkerhand onder skaap se kakebeen en regterhand agter kop. Kyk op na beoordelaar as alles reg is. Doen alles so vinnig as mootnlik. Jy is nou reg om beoordeel te word.
(e) Die beoordelaar gaan nou vra dat die skaap se voorkant, sykant en agterkant gewys word. In alle gevalle moet jy op jou plek bly en nie vorentoe, agtertoe of sywaarts beweeg nie.
(f) Reageer flink op die opdragte. Tel stadig by joself tot by vyf. In hierdie tyd moet die skaap se voor- en agterbene reg staan. Gebruik jou regterhand as hefboom om die skaap reg te druk (nie jou knie nie). Moenie op die skaap lê met jou arm nie.
(g) Wanneer jy die opdragte uitvoer moet jy elke keer opstaan en alles regmaak en weer gaan kneel. Konsentreer en behou oogkontak met die beoordelaar.

(h) Die beoordelaar gaan nou vra dat jy jou dier moet vertoon. Los jou skaap en probeer hom so na as moontlik aan die beoordelaar kry sonder om op jou hande te klap. Behou oogkontak en as die beoordelaar na links of regs beweeg, beweeg verder om die skaap, weg van die beoordelaar af. As die beoordelaar gaan staan en jou skaap staan, bly staan regop met jou hande langs jou sye.

(i) Op die bevel "vang maar", druk die skaap in die naaste hoek vas. Vang aan die dier se linker agtergbeen met jou regterhand bokant die hakskeen. As die skaap met sy voorkant na jou staan, kan jy hom om sy nek vang.

(j) Beweeg nou weer links-om en gaan staan op jou plek.

(k) Kry die dier se bene reg, gaan kneel en kyk op.

(l) Die beoordelaar gaan nou weer vra om jou dier in verskillende rigtings te draai. Hy gaan verwag dat jy die bewegings vinniger gaan doen. Konsentreer en bly op jou plek.

(m) Jy kan gevra wor dom met iemand anders se skaap te ruil.

(n) As die beoordelaar jou vra om jou skaap se bek oop te maak, gebruik jou linkerhand se duim en wysvinger, draai die skaap se kop na die beoordelaar en gebruik die vingers om die skaap se bo- en onderlip van mekaar aft e druk.

(o) Leer die verskillende ouderodomme te ken volgens die skaap se tande.

Vleisskape – groep

(a) In elke groep is daar drie deelnemers. Rangskik julle van groot na klein of andersom. Die persoon in die middel gee die tekens. Verkieslik moet julle 3 dogters of 3 seuns wees.

(b) By groepe is een vormigheid en goeie samewerking baie belangrik.

(c) Klere en skoene moet presies eenders lyk. Haal horlosies af en dogters moet eenderse haarrekkies hê. Belts moet eenders wees en hemde by broek ingesteek. Alles netjies en skoon.

(d) Kom nou die ring binne. Jou skaap moet netjies wees. Jou regterhand is agter by die skaap se stert en linkerhand voor die skaap se nek. Stoot die skaap en stuur hom kloksgewys (links-om) tot by jou plek. Behou oogkontak met die beoordelaar.

(e) Kry jou skaap se bene reg. Voorbene reg-af en agterbene effe na agter, gelyk en bymekaar. Almal wag totdat laaste persoon klaar is, gee die teken en gaan kniel gelyk.

(f) Jou linkerhand is onder die skaap se kakebeen en regterhand agter die kop. Moenie met jou regterarm op die skaap se rug lê nie.

(g) Jou linkerknie is gebuik +- 45 grade na links sodat die skaap se bors oop is en jou regterbeen gestrek na agter met die skoen se neus na agter. As alles reg is, wys jy is gereed vir beoordeling deur op te kyk na die beoordelaar.

(h) Die beoordelaar gaan nou vra dat julle die skape voorkante, sykante en agterkante moet draai. Hier is dit belangrik dat julle die spasies tussen julle dieselfde hou en ook nie vorentoe of agtertoe beweeg nie.

(i) Staan elke keer op en voer die opdragte flink uit. Kry die skape se bene reg en gaan kneel gelyk. Gebruik jou regterhand as hefboom om die skaap elke keer reg te stoot. Probeer elke beweging binne vyf tellings te doen, wag vir mekaar en kyk gelyk op. Konsentreer en behou oogkontak.

(j) Die beoordelaar gaan nou vra dat julle die diere moet vertoon. Los die skape gelyk. Bly in julle volgorde en druk die skape na die beoordelaars toe. Moenie op jou hande klap nie. As die beoordelaar na regs of links beweeg, beweeg verder om die skape. Behou oogkontak.

(k) As die beoordelaar gaan staan, gaan julle ook staan met hande langs die sye.

(l) Op die bevel "vang maar", druk die skape in die naaste hoek vas, vang die skape gelyk aan die linker agterbeen met jou regterhand bokant die hakskeen. Wanneer skape met die voorkant na jou staan, kan jy skape om die nek vang.

(m) Beweeg weer links om in die regte volgorde en gaan staan o pjou plek.

(n) Kry die skape se bene reg, kniel gelyk en kyk gelyk op.

(o) Die beoordelaar kan nou vra dat julle die skape weer in die verskillende rigtings moet draai. Dit gaan nou vinniger wees. Konsentreer, doen alles gelyk en bly op julle plekke sonder om weg te beweeg.

(p) As die beoordelaar julle vra om die skape se bekke oop te maak, gebruik jou linker duim se wysvinger, draai skaap se kop na die beoordelaar en druk die bo- en onderlip weg van mekaar.

(q) Leer om die skaap se ouderdom te ken volgens sy gewisselde tande.

(j) Die beoordelaar gaan nou vra dat julle die diere moet vertoon. Los die skape gelyk. Bly in julle volgorde en druk die skape na die beoordelaars toe. Moenie op jou hande klap nie. As die beoordelaar na regs of links beweeg, beweeg verder om die skape. Behou oogkontak.

(k) As die beoordelaar gaan staan, gaan julle ook staan met hande langs die sye.

(l) Op die bevel "vang maar", druk die skape in die naaste hoek vas, vang die skape gelyk aan die linker agterbeen met jou regterhand bokant die hakskeen. Wanneer skape met die voorkant na jou staan, kan jy skape om die nek vang.

(m) Beweeg weer links om in die regte volgorde en gaan staan o pjou plek.

(n) Kry die skape se bene reg, kniel gelyk en kyk gelyk op.

(o) Die beoordelaar kan nou vra dat julle die skape weer in die verskillende rigtings moet draai. Dit gaan nou vinniger wees. Konsentreer, doen alles gelyk en bly op julle plekke sonder om weg te beweeg.

(p) As die beoordelaar julle vra om die skape se bekke oop te maak, gebruik jou linker duim se wysvinger, draai skaap se kop na die beoordelaar en druk die bo- en onderlip weg van mekaar.

(q) Leer om die skaap se ouderdom te ken volgens sy gewisselde tande.